NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2025

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae in jou antwoordboek.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Lees ÉN volg die INSTRUKSIES by ELKE VRAAG baie deeglik.

6. Begin ELKE VRAAG op 'n nuwe bladsy.

7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

8. Laat 'n REËL OOP tussen jou antwoorde.

9. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

10. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2025

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 ARTIKEL

Lees die teks "Reis is goed vir jou as tiener, as jong student én vir eendag in jou loopbaan" (*Travel is good for you as teenager, as young student, as well as for your future career*). Beantwoord dan die vrae wat daarop volg. Die artikel is deur 'n jongmens vir ander jongmense geskryf.

**Reis is goed vir jou as tiener, as jong student én vir eendag in jou loopbaan**



1 Ek, as jongmens, glo kinders moet leer hoe reis jou 'n beter mens maak. Daar is baie voordele. Dit maak jou meer sosiaal en help jou om nederig (*humble*) te wees. Jy moet effektief kan kommunikeer as jy reis. Dit beteken jy moet duidelik, betekenisvol en vriendelik met ander mense kan gesels.

2 Jy moet eendag in jou werk professioneel en gesofistikeerd met mense kommunikeer. As jy reeds as tiener goed kommunikeer, kan dit jou lewe fantasties verbeter. Nie net nou as tiener nie, maar ook wanneer jy as volwassene in die groot, wye wêreld moet funksioneer. Om voorspoedig te reis, moet jy inligting reg lees en ekstra goed na ander mense kan luister. Jy moet ook met 'n helder stem kan praat.

3 Reis kan jou leer om respek vir jou medemens en die wêreld te hê. Tydens 'n reis leer jy om ander se perspektiewe raak te sien. Hopelik kry jy insig daarin en begrip daarvoor. Jy ervaar ander kulture, en kan leer om nie krities te wees wanneer mense anders as jy dink nie. Jy kan sien hoe diversiteit jou eie kultuur kan aanvul.

4 Reis het egter ook probleme: jy kan vlugte mis, hotelle is nie altyd soos dit op foto's lyk nie en busse kan stadig wees. Sulke probleme is 'n goeie kans vir jou om aanpasbaar (*flexible*) te wees. Jy hoef nie kwaad te word as dinge nie perfek gebeur nie. Jy kan jou skedule aanpas en leer hoe om kreatiewe oplossings te vind.

5 Wanneer jy iets positiefs doen om uit jou probleemsituasie te kom, kan wonderlike goed in jou lewe gebeur: jy kan gemakliker saam met die stroom gaan wanneer nodig. Wanneer jy dit doen, is dit makliker vir ander mense om saam met jou te leef en saam met jou te wil wees.

IEB Copyright © 2025

6 Is jy altyd bang vir die onbekende of vir vreemde aktiwiteite? Met 'n bietjie vasbyt, avontuur en moed tydens reise, kan jy mooi dinge ervaar en dit waardeer! Die beste ding is jy leer om buite jou gemaksone (*comfort zone*) te leef.

7 Jou selfvertroue sal verbeter. As jy wonderlike nuwe dinge gedoen het, voel jy meer selfversekerd. Van die lieflike dinge wat met jou op persoonlike vlak in die proses kan gebeur, is dat jy makliker al jou drome kan uitleef en jou doelwitte bereik.

8 Reis kan jou ook minder materialisties maak. Jy leer hoe om met baie minder oor die weg te kom en dat jy baie minder nodig het as wat jy dalk gedink het.

[Bron: <https://www.wereldreizigers.nl/af/wêreldreis/na-jou-reis/reis-goeie-toekomstige-loopbaan-redes>]

1.1 Verwys na die opskrif. Haal 'n sinsdeel aan wat sê dat die ervaring van reis **in die toekoms wanneer jy voltyds werk** goed vir jou kan wees. (1)

1.2 Noem een manier hoe **reis** jou kan help om sosiaal beter te funksioneer. (1)

1.3 Wat kan jou help om lekker voorspoedig (par. 2) te reis? (1)

1.4 Kies die antwoord wat **nie** pas nie. Skryf **net die letter** wat jy kies, neer.

*Om jou medemens te respekteer, impliseer dat jy* ...

A ander mense se realiteite verstaan.
B verskillende kulture goed verstaan en waardeer.
C dink jou kultuur is beter en mooier as 'n ander persoon s'n.
D ander kulture aanvaar in plaas van kritiseer. (1)

1.5 Noem **twee** dinge wat jy kan doen om suksesvol aan te pas as daar probleme tydens 'n reis is. (2)

1.6 Noem **een** wonderlike ding wat met jou **in jou verhoudings** kan gebeur as jy uit probleme gedurende jou reise geleer het. (1)

1.7 Watter **positiewe karaktereienskap** kan jy aanleer deur vreemde en onbekende dinge te doen? (1)

1.8 Watter **goeie gevolg** (*positive outcome*) kan in jou eie toekoms **gebeur** as jy selfvertroue aangeleer het? (1)

1.9 Noem een groot **voordeel** daarvan om minder materialisties te leef. (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2025 

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – KOSBLIKINFORMASIE

Bestudeer die teks "Só lyk die ideale kosblik" oor interessante en gesonde idees vir 'n skoolkosblik noukeurig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

# Só lyk die ideale kosblik

**Volgens Nadia van Dyk, dieetkundige van Somerset-Wes, moet 'n gebalanseerde kosblik vir leerders van gr. 1 tot matriek die volgende insluit:**



**Vleis:**
Biltong of droëwors die grootte van 'n vuurhoutjieboksie. Pastrami of gerookte hoender kan ook goed werk. Bly eerder weg van geprosesseerde vleis soos polonie of Weense worsies.



**Brood:**
Een broodjie van twee snye lae-GI brood. Hoe ouer die kind, hoe meer snye brood mag hy/sy kry. Waak egter daarteen om konfyt of iets soets op die brood te plaas. Kies eerder kaas, tamatie en blaarslaai.



**Neute:**
Die kosblik moet ook 5 tot 10 neute insluit. Enige neute is goed. Indien neute te duur is, kan die ouer ook 'n handvol grondboontjies en rosyntjies insluit.



**Vrug:**
Een vrug moet ook in die kosblik wees. As die kind nie van vrugte hou nie, kan die ouer gedroogde vrugte koop. Dit moet net nie versuikerde vrugte wees nie.



**Water:**
Sap of enige koeldrank het te veel suiker in. Pak daarom altyd water in. As die kind nie van water hou nie, geur die water oornag met vrugte soos appels of aarbeie.



**Iets soet:**
Die kind mag net een keer 'n week 'n klein sjokolade of lekkertjie in die kosblik kry.

## Sóveel gaan die ideale kosblik jou per week kos*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 lae GI-brood | R13,99 | 'n Sakkie tamaties | R26,95 |
| 100 g Biltong | R32,99 | 'n Sakkie appels | R18,98 |
| 500 g Cheddar-kaas | R40,00 | 100 g neute | R36,99 |
| 120 g Blaarslaai | R16,50 | 1 sjokolade | R6,99 |
| | | **TOTAAL** | **R193,39** |

* Die inkopielys is saamgestel volgens Pick n Pay se pryse op sy aanlynwinkel.

Grafika24

IEB Copyright © 2025

2.1 Wat word die persoon genoem wat daarin spesialiseer om gesonde eetprogramme vir mense uit te werk? (1)

2.2 Lees die stelling en beantwoord dan die vrae daaroor.

*Hierdie teks met kosblikinformasie wil ouers raad gee om die **beste moontlike** kos vir hulle kinders in te pak.*

2.2.1 Sê of die stelling (by 2.2) **waar** of **onwaar** is. (1)

2.2.2 Haal 'n frase uit die opskrif van die teks aan om jou antwoord te motiveer. (1)

2.3 Kyk na die paragraaf met die opskrif "Vleis". Haal **drie opeenvolgende woorde** aan wat sê dat geprosesseerde vleisprodukte **nié** 'n goeie idee is vir 'n skoolkosblik nie. (1)

2.4 Kyk na die paragraaf met die opskrif "Brood". Wat moet 'n mens vir die skoolkosblik liewer nié op brood smeer nie? (1)

2.5 Kyk na die paragraaf met die opskrif "Neute". Wat, volgens die teks, kan 'n mens in die skoolkosblik inpak as jy nie genoeg geld het vir neute nie? (1)

2.6 Kyk na die paragraaf met die opskrif "Vrug". Wat is die belangrike gesondheidsreël wat mense moet onthou vir vrugte in die skoolkosblik? (1)

2.7 Kyk na die paragraaf met die opskrif "Iets soet". Watter reël moet ouers onthou wanneer hulle hul kinders se lekkers of soetgoed vir skool inpak? (1)

2.8 Kyk na die paragraaf met die opskrif "Water". Hoe kan 'n mens water lekkerder probeer maak as jou kind dalk nie van die smaak van gewone water hou nie? (1)


2.9 Waar het die skrywer van hierdie kosblikinligting haar pryse gekry? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – PRENT

Bestudeer die prent en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.




[Bron: Eksaminator se aanpassing]

3.1 Watter teken in die prent is 'n aanduiding dat daar 'n plek is waar jy noodhulp/ mediese hulp kan kry? (1)

3.2 Kyk na die **gesigsuitdrukking** van persoon B. Wat wys dat sy baie ernstig met persoon A praat? (1)

3.3 Gee die korrekte Afrikaanse woord vir "Pharmacy". (1)

3.4 Kyk na die **liggaamstaal** van persoon B. Wat dui aan dat sy baie ongemaklik voel? (1)

3.5 Kyk na die **liggaamstaal** van persoon A. Wat wys dat sy persoon B graag wil help? (1)

3.6 Lees die stelling en kies die antwoord wat **die beste** pas.

*Persoon B voel baie siek; sy moet vinnig gesond word aangesien sy die volgende dag op reis moet gaan. Sy wil dus so gou as moontlik by die apteker ...*

A kos koop om nou 'n groot partytjie te hou.
B medisyne kry sodat sy gou gesond kan raak om te kan reis.
C oefenskoene koop om nou hard te gaan oefen.
D plante kry om nou haar nuwe tuin te begin uitlê. (1)

IEB Copyright © 2025

3.7 Haal die uitroep (*exclamation*) aan wat beskryf dat persoon B **baie teleurgesteld** voel. (1)

3.8 Watter woord in die teks sê dat persoon B se sake nou totaal deurmekaar is? (1)

3.9 3.9.1 Dink jy dit is belangrik dat hierdie tipe besigheid deel moet wees van 'n winkelsentrum (*shopping centre*) wat sentraal geleë (*centrally located*) is?

Skryf net JA **of** NEE. (1)

3.9.2 Gee 'n goeie rede vir jou antwoord by Vraag 3.9.1. Jy moet 'n **goeie en sinvolle** motivering skryf om 'n punt vir jou antwoord by Vraag 3.9.1 te kry. (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2025

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 OPSOMMING VAN ARTIKEL

- Lees die artikel (**"Dís wat reis my geleer het"**) op die volgende bladsy.
- Die artikel gaan oor waardevolle persoonlike aspekte wat mense deur reis geleer het, en hoe dit iets spesifieks in elkeen se lewe beter gemaak het.
- Som elke persoon se opmerking op deur te sê wat die **aspek** is wat die persoon aangeleer het, sowel as **hoe** dit op praktiese vlak hulle lewens makliker gemaak het.
- Jy kan elke persoon se opmerking in **een of twee volsinne** neerskryf.
- Elke persoon se opmerking moet **genommer** word – nommer dus jou antwoorde van **1–5**.
- Jou opsomming moet **60–80 woorde** bevat.
- Begin jou antwoorde soos volg:
  1. Phillip het geleer …
  2. Rick het geleer …
  3. Zandi het geleer …
  4. Hagar het geleer …
  5. Yoli het geleer …

  (Hierdie woorde tel **nie** as deel van jou woordtelling **nie**!)

**Onthou:**

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy word gepenaliseer as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- Elke opmerking/antwoord mag **een** of **twee** volsinne wees en moet 'n **aspek** bevat én moet 'n praktiese voorbeeld gee **hoe** dit die persoon se lewe positief geraak het.
- Beplan jou opsomming voordat jy dit begin skryf. **Trek 'n streep deur jou beplanning** sodra jy klaar is.

IEB Copyright © 2025

**"Dís wat reis my geleer het"**



Peter Paternoster is 'n reisjoernalis (*travel journalist*) wat met mense van verskillende ouderdomme praat oor wat reis (*travelling*) vir hulle in hul persoonlike lewens beteken.

Phillip (23) het gesê hy was eers vir alles en almal laat. Hy het duur lesse geleer en nou is hy altyd betyds. Hy kan nou al sy take op die regte tyd volledig voltooi, en respekteer ander mense se tyd.

Rick (44) was eers altyd ongeorganiseerd en het slordig geleef. Dit het verander nadat hy begin reis het. Sy persoonlike organisasie het verbeter. Hy leef nou netjieser en skoner; hy kan ook goed fokus.

Zandi (18) was eers altyd ongeduldig. Sy moes leer om te kan wag. Nou stres sy minder, het meer empatie met mense en geniet haar verhoudings meer.

Hagar (57) het soms nie goed na mense geluister nie, en het dus ook nie alles om haar raakgesien nie. Sy gee nou beter aandag. Sy het geleer om alle belangrike detail in die lewe raak te sien.

Yoli (27) het as tiener altyd swaar en donker gevoel. Sy het toe agtergekom dat sy te veel probeer saamdra – letterlik en figuurlik. Sy het letterlik minder bagasie in haar tasse begin pak. En so het sy geleer om ook op ander vlakke in haar lewe "ligter" te leef en nie baie probleme saam met haar te dra nie.

[Bron: teks verskaf deur skrywer]

**10 punte**

IEB Copyright © 2025 

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Krisis – *Elizabeth Eybers***

Dis hier wat ons twee skei – jy, Hart en ek,
albei tot afskeid so onvoorbereid.
Die weg was lieflik waarlangs jy gelei't
maar dis verby, al staar jy terug. Nou strek
die pad langs klowe, afgrond en moeras.
Voortvarend en 'n lafaard soos altyd
en nooit in staat tot enige besluit
en siek daarby, is jy nou net 'n las.

Jy was die gas en gasheer by die fees,
die seremoniemeester en die nar:
jou dwase raad kan net die Hoof verwar
waar elke tree die laaste tree mag wees.
Kyk, dit word laat, die kermis is verby,
Kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

[Uit: Versamelde gedigte. Human & Rousseau en Tafelberg, 1980]

5.1 Verwys na die titel.

Lees die stelling en kies die **korrekte** antwoord. Skryf **slegs die letter** wat jy kies, neer.

Die **titel** "Krisis" is slegs een woord, want ...

A die digter het nie genoeg woordeskat vir 'n langer titel nie.
B dit skep spanning en die leser wil graag verder lees.
C dit is 'n ligte gedig en die leser hoef nie verder te lees nie.
D die digter kan nie lang sinne skryf nie. (1)

5.2 Haal **twee opeenvolgende woorde** uit versreëls 1–3 aan waarin die spreker dit duidelik maak dat hulle dadelik moet skei en dit nie langer uitstel nie. (1)

5.3 **Watter** konflik het hierdie krisis veroorsaak? Skryf slegs een sin. (1)

5.4 Gee 'n goeie rede vir die gebruik van die hoofletter vir Hart (versreël 1). (1)

IEB Copyright © 2025

5.5 Kyk spesifiek na die **digvorm** en kies die **korrekte** antwoord.

A "Krisis" is 'n vrye vers wat uit 14 versreëls bestaan.
B "Krisis" is 'n Italiaanse sonnet wat nie 'n rymskema het nie.
C "Krisis is 'n Italiaanse sonnet wat uit 'n oktaaf en sestet bestaan.
D "Krisis" is 'n vrye vers sonder ritme en rym. (1)

5.6 Versreël 4 begin met die woord "maar". Gee 'n rede waarom die woord so effektief daar pas. (1)

5.7 Haal **een versreël** aan wat suggereer dat die pad saam met die hart gevaarlik en onaangenaam geraak het. (1)

5.8 Noem enige **twee** foute wat Hart, volgens die spreker, gemaak het. (2)

5.9 Wat word met die woord "kermis" (versreël 13) geïmpliseer? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**klein geloof – *Tanja Joubert***

1. die kabouter is uit my tuin gesteel
2. en kersvader kom nooit meer op sy slee
3. die tandemuis was net my ma
4. en paddaprinse is amfibieë

5. Armstrong was die man op die maan
6. en my melkskommelweg het versuur
7. drake is dinosourusse
8. lugkastele is argitektuur

9. ek het ál my sprokies brand gesteek
10. Realisme, Feite, Wetenskap:
11. EK KAN BEWYS!

12. maar waarom slaap ek met my lig aan
13. stoei met die monster onder my bed
14. en waarom bid ek elke dag
15. dat die Prins op die donkie my moet red?

[Bron: Toulopers: Verse vir tieners – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa 2011]

6.1 Kyk na die titel van die gedig. Lees dan die stelling en kies die antwoord wat **nie pas nie**. Skryf **net die letter** wat jy kies, neer.

*Die spreker verwys in die titel "klein geloof" na ...*

A sprokies waaraan sy as jong kind geglo het.
B 'n fantasiewêreld waarin sy nie meer leef nie.
C 'n grootmens se geloof in bewysbare dinge en feite.
D dinge waaraan klein kindertjies dikwels glo. (1)

6.2 Verwys na versreël 1.

6.2.1 Sê wat 'n tuinkabouter **letterlik** is. (1)

6.2.2 Sê wat die **figuurlike** betekenis is van die kabouter in die spreker se tuin. (1)

6.3 Verwys na versreëls 2 en 3.

6.3.1 Wat sou kersvader vir die spreker gebring het? (1)

6.3.2 Wat sou die tandemuis vir die spreker gebring het? (1)

IEB Copyright © 2025

6.4 Die gedig gaan oor geloof.

6.4.1 Waaraan glo die spreker **as volwassene**? (1)

6.4.2 Watter **skryftegniek** gebruik die digter om te beklemtoon hoe sterk die spreker voel oor waaraan sy glo? (1)

6.5 Haal **een versreël** aan wat duidelik sê hoe die spreker baie seker probeer maak om al die sprokies uit haar lewe te verwyder. (1)

6.6 Lees die stelling en beantwoord dan die vrae daaroor.

*Die spreker is vir niks meer bang en oor niks meer onseker nie*.

6.6.1 Is hierdie stelling **waar** of **onwaar**? (1)

6.6.2 Gebruik jou **eie woorde** en gee een goeie rede vir jou antwoord. (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

Lees die onderstaande ongesiene gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Die wonder van 'n boom – *Michael Khoosal***

1. Sit of lê plat
2. onder 'n boom.

3. Maak jou oë en mond toe.
4. Luister na die takke
5. as die mossies hulle neste bou.

6. Maak jou oë oop en beskryf
7. die geluid
8. in jou joernaal
9. soos 'n gedig sonder rym.
10. Maak woorde van die blare.

[Bron: Toulopers: Verse vir tieners – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa 2011]

**Woordeskat:**
takke – *branches;* mossies – *tiny kind of bird/sparrow*

7.1 Verwys na die **titel** van die gedig. Kies die antwoord wat die **beste pas**. Skryf net die letter wat jy kies, neer.

*Die spreker voel dat bome ..*

A die aarde vuil maak.
B iets fantasties is.
C die aarde besoedel.
D niks vir die aarde beteken nie. (1)

7.2 Die spreker gee 'n vriendelike, maar baie definitiewe instruksie.

7.2.1 Haal **een woord** aan wat sê **hoe** jy moet sit of lê. (1)

7.2.2 Wat, dink jy, is 'n goeie rede **waarom** die spreker **so spesifiek is** oor hoe jy moet sit of lê? (1)

7.3 Watter twee spesifieke dinge noem die spreker in strofe 2 moet jy doen sodat jy ekstra goed kan hoor? (2)

7.4 Watter goeie ding doen voëls vir hulself in bome? (1)

IEB Copyright © 2025

7.5 Kies die **korrekte** antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter wat jy kies, neer.

Die woord wat die **atmosfeer** in die gedig die <u>beste</u> beskryf, is ...

A hartseer.
B treurig.
C liries.
D swartgallig. (1)

7.6 Kyk spesifiek na die **vorm** van die gedig. Gee dan 'n goeie rede waarom hierdie gedig 'n **vrye vers** is. (1)

7.7 Haal 'n frase aan uit die gedig wat suggereer dat jy in jou dagboek oor die klank wat jy hoor, moet skryf. (1)

7.8 Kies die woord wat die sin die beste sal voltooi, en skryf dan net die woord neer.

*Net so mooi en betekenisvol soos wat woorde in 'n gedig is, is (sand / blare / sement) aan 'n boom.* (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2025 

## AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Die onderstaande taalsinne is losweg op die prent en tema van REIS gebaseer.**

Herskryf die sinne soos aangedui – begin elke keer jou antwoord met die gegewe vetgedrukte woorde. Herskryf elke keer die hele sin as jou antwoord.

**REIS**



[Bron: Google images]

8.1 Dit is die vliegtuig. Ons vlieg in die vliegtuig.

**Dit is die vliegtuig waarin …** (1)

8.2 Die meisie vra die seun: "Mag ek langs jou sit?"

**Die meisie vra die seun of …** (1)

8.3 Ek pak min sodat ek lig kan reis.

**Ek pak min om …** (1)

8.4 Ek trek ligte klere aan, daarom voel ek gemaklik.

**Gister …** (1)

8.5 Hy sit sy oorfone op omdat hy na sy musiek wil luister.

**Hy sit sy oorfone op, want …** (1)

8.6 Die passasiers luister na die lugwaardin.

**Die passasiers behoort …** (1)

8.7 Het jy alreeds jou kaartjie bespreek?

**Nee, …** (1)

IEB Copyright © 2025

8.8 Die passasiers is bang vir die turbulensie.

**Môre …** (1)

8.9 Die paspoorte is deur die doeanebeampte gestempel.

**Die doeanebeampte …** (1)

8.10 Die lughawe is baie vol omdat baie mense gaan vlieg.

**Baie mense gaan vlieg; gevolglik …** (1)

8.11 Jy moet jou eie water bring.

**Nee, jy hoef nie …** (1)

8.12 Die toeris vergeet sy tas wanneer dit besig op die lughawe is.

**Verlede week …** (1)
**[12]**

IEB Copyright © 2025

**VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE**

Lees die paragraaf wat losweg op die onderstaande prent en die tema van 'n REIS gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou antwoordboek neer.



[Bron: Google images]

Ek hou daarvan om gedurende die **9.1 ("spring" – gee die korrekte Afrikaanse seisoen)** – en nié gedurende die winter nie – te reis. Die vlugkaartjies is nou baie duur **9.2 (as gevolg van – gee die korrekte afkorting)** die swaar ekonomie, so ek het ekstra baie gespaar om vir my reis te betaal. My vlug vertrek om **9.3 (14:00 – skryf die tyd uit)**. Hierdie reis sal vir my **9.4 (heerlik – gee die vergrotende trap van vergelyking)** as die vorige een wees, omdat my suster vir die eerste keer saamkom. **9.5 (Sommige / somtyds / soms – kies die korrekte woord)** mense hou nie van reis nie, want hulle is bang vir vlieg. Ek het **9.6 (by / vir / tot – kies die korrekte voorsetsel)** die ambassade aansoek gedoen vir die nodige reisdokumente.

Om al die reisdokumente in orde te kry, is nie 'n klein **9.7 (ding – gee die verkleinwoord)** nie – dit behels baie administratiewe werk. Ek vat twee **9.8 (rugsak – gee die meervoud)** saam – een vir my foon en dokumente, en die ander een vir my strandklere. Ek hou nie daarvan om **9.9 ("without" – gee die korrekte Afrikaans)** my skootrekenaar te reis nie, want ek gebruik dit elke dag. Ek wil **9.10 (altyd – gee die antoniem)** in 'n ander land aankom sonder my persoonlike dokumente en besittings nie. Op die lughawe is daar honderde **9.11 (stap – gee die teenwoordige**

IEB Copyright © 2025

**deelwoord)** mense wat hulle bagasie op trollies rondstoot en uiteindelik in die ry gaan staan om deur sekuriteit te gaan. Die venstersitplek **9.12 (wat + vir – gee die korrekte betreklike voornaamwoord)** ek gevra het, is nie beskikbaar nie. Ek sal ook **9.13 (baie vinnig – gee die intensiewe vorm)** 'n plan moet maak om gou 'n bietjie water te drink, aangesien ek gedehidreerd begin voel. Ek is bly dat my buurman **9.14 (gee een woord vir: elke week)** my tuin gaan natmaak, want ek gaan vir vier weke weg wees en ek wil nie hê my plantjies moet uitdroog nie. My suster is bly dat sy na **9.15 (hy / haar / sy – kies die korrekte voornaamwoord)** gunsteling eiland kan gaan. Dit is my klein boetie se **9.16 (lewe + droom – gee een woord)** om ook eendag saam met sy maats op 'n avontuur te gaan.

**[8]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Kyk na die prent hieronder.
- Voer die instruksies wat by elke vraag gevra word, uit.
- Beantwoord **net dit** wat gevra word – lees die vraag baie noukeurig.



[Bron: <//https.images.google.com>]

10.1 Kies net die **korrekte respons** op Vraag 10.1.1 en 10.1.2. Skryf **slegs die letter** wat jy kies, langs die vraagnommer neer.

10.1.1 **Situasie:** Iemand **voel bekommerd** dat 'n maat wat daardie persoon eers by die vakansieplek gaan ontmoet, iets belangriks by die huis kan vergeet. Daardie persoon skryf 'n kort teksboodskap om die **maat te herinner** dat die persoon nie die spesifieke belangrike item moet vergeet nie.

Kies nou die **korrekte respons** en skryf **slegs die letter** wat jy kies, langs die vraagnommer neer.

A O nee, ek lag bekommerd oor die lekker teksboodskap, die vakansieplek.
B Ag nee, Piet – ek is nie meer lus vir vakansie nie, ek gaan huis toe.
C Oeps, Piet – ek voel bang dat jy jou hoed gaan vergeet; bring dit saam, die son gaan baie warm wees.
D O lekker, hoesit Piet, jy maak my bekommerd. (2)

10.1.2 **Situasie:** Jy **voel wonderlik** aan die einde van 'n fantastiese reis. Jy wil 'n kort boodskap aan jou vriende skryf **waarin jy iets reël** vir wanneer jy terug by die huis is.

Kies die **korrekte respons** en skryf **slegs die letter** wat jy kies, langs die vraagnommer neer.

A Ek huil, huil. Ek voel wonderlik. Ek iets reël.
B Hallo julle – ek het lieflik uitgerus! Kom ons ontmoet Vrydagaand by my huis vir 'n braai en om vakansiestories te vertel!
C Lekker, lekker – ek nie kan wag vir my vakansie oor ses jaar nie!
D Ai tog, my hart is seer – ek wil graag vir jou vertel, ek kan nie studeer nie. (2)

IEB Copyright © 2025

10.2 Lees die **situasie** wat beskryf word, deeglik. Skryf dan die sin met die korrekte antwoord wat jy elke keer by 10.2.1 en 10.2.2 kies, korrek oor. Kies elke keer die antwoord wat die sin logies, betekenisvol en taalkundig korrek voltooi.

**Situasie:** Jy **is opgewonde** oor 'n plek wat jy tydens jou reis gaan besoek. Nou skryf jy 'n kort boodskap vir iemand wat saam met jou op hierdie reis is, om daardie persoon **saam te nooi** na die spesiale plek.

Ek voel **10.2.1 (aaklig / lieflik / doodsiek)** – dis so fantasties hier, Susan! **10.2.2 (Kom saam met my na die wonderlike museum toe / Lê jy onder jou kombers en jy huil / Bly jy in jou kamer en slaap)**? (2)

10.3 Skryf elke keer wat **jy dink** die persoon in die situasie sou sê.

- Moenie aanhalingstekens gebruik waar jy die respons neerskryf nie.
- **Moenie** die vetgedrukte woorde in jou antwoord herhaal wanneer jy die respons uitskryf nie.
- Die response wat jy uitskryf, moet **15–20 woorde** lank wees; jy mag meer as een sin skryf – solank jy net by die woordtelling hou. Onthou om dan die woordtelling neer te skryf.

10.3.1 Jy **voel bang** dat jou ma gaan vergeet om baie goed na jou troeteldier te kyk terwyl jy weg is. Skryf 'n kort boodskap van die lughawe af om haar **weer mooi te vra** wat sy moet doen vir jou troeteldier. (2)

10.3.2 Jy **voel gefrustreerd** dat jy in lang tou moet staan by die hek (*gate*) om in te teken by jou kampterrein (*camp site*). Jy **vra ferm, maar steeds beleefd** vir iemand by die kantoor of hulle jul verder kan help. (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2025